



19 SEPTEMBER 2021

# TORINGKERK

*nuus*



KOM TUIS

## PRAYER FOR OUR COMMUNITY

FATHER RICHARD

Loving God,

you fill all things with a fullness and hope that we can never comprehend. Thank you for leading us into a time where more of reality is being unveiled for us all to see. We pray that you will take away our natural temptation for cynicism, denial, fear and despair. Help us have the courage to awaken to greater truth, greater humility, and greater care for one another. May we place our hope in what matters and what lasts, trusting in your eternal presence and love. Listen to our hearts' longings for the healing of our suffering world. Please add your own intentions . . . Knowing, good God, you are hearing us better than we are speaking, we offer these prayers in all the holy names of God.

Amen.

# KOM IN! ONS DEURE IS WEER OOP!

Ons is baie opgewonde om weer ons kerkdeure te kan oopmaak om weer in persoon 'n erediens te kan deel!

Die voordeur en die twee kantdeure sal Sondag oop wees, waar jy dan die COVID protokol kan volg, voor jy jou sitplek inneem.

Ons sien baie uit om jou Sondag te ontvang in ons mooie kerk!



## POPPEKAS!

Ons is baie opgewonde om weer die diere van Moeggeploegplaas hierdie Sondag by ons te verwelkom!

Die stories loop dat daar 'n "Toringkerk's Got Talent" op die plaas gebeur en dat al die diere gereed maak om deel te neem! Kom wees deel van die lekkerte!

Die poppekas sal tydens die erediens plaasvind en alle kinders, jongmense en dié wat jonk-van-gees is, is so welkom!

*Sondag Erediens | 19 Sep | 09h30*

## BRING JOU EIE "TAKE-AWAY-KOFFIE" VAN DIE HUIS AF SAAM!

Weens die strenger inperking wil ons graag onnodige kontak vermy. So in plaas daarvan dat jy koffie by die kerk kry, vra ons dat jy sommer 'n "take-away-koffie" van die huis af saambring! Of "support local" en gaan kry vir jou 'n koffie voor kerk by Feit, Seattle Coffee of Vida e!

Hierdie is 'n goeie gewoonte vir die toekoms om ons eie koppies kerk toe te bring - vir die spaar van papier- en foamalite koppies.

Kom geniet jou tuisgemaakte koffie in die kerkbanke!





GEBEURE OM NA UIT TE SIEN



# Dagboek DIE DATUM



17  
OKT.

Kinderkleingroep  
+ KruisCONNECT!  
Ons begin weer!



17  
OKT.

Nuwe reeks!  
Wysheid uit die  
planteryk



5-6  
NOV.

AANLYN  
MARKIETIE  
Toringkerk Aanlyn



20  
NOV.

NATANIËL  
Toringkerk

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inligting.  
**BID . SIEN . DEEL**



## RUSOORD PEN PALS

Die inwoners van Rusoord het 'n paar weke gelede 'n hele paar briewe vir die jongmense geskryf met die vraag:

*"Wat is die grootste lewensles wat jy sou wou deel met jou jonger self?"*

Hierdie briewe is baie inspirerend. Aangesien ons tans nie die inwoners van Rusoord fisies mag besoek nie, wil ons weer die ou manier van kommunikasie afstof - om briewe te skryf! Deur middel van briewe, kan jy en jou Pen Pal in Rusoord lewenslesse, resepte en bemoediging met mekaar deel.

*Laat weet gerus vir Ryno of Janneke indien jy graag 'n Pen Pal in Rusoord wil hê.*

## PAARL RING SAMEKOMS

Die ring van die Paarl het verlede week bymekaar gekom om saam te dink, te droom en te bid oor hoe die Koninkryk in die Paarl kan lyk. Ds. Nadia Muller van Simondium het die aand met 'n boodskap uit Mattheus 18:15-20 begin en ons aangemoedig om eensgesind in die Here te wees. Ons het na ongelooflike stories van hoop geluister, uitdagings gedeel en net opnuut beseft hoe elkeen van ons gemeentes deelvorm van 'n groter beweging in die Koninkryk van God. Bid asseblief saam met ons dat die energie wat hier losgemaak is vrug sal dra in ons samewerking, ondersteuning en saam reis in die Paarl.



## OMGEE BOKSIES

Ons gemeente dink aan almal wat geraak word deur COVID 19. Om nie fisies bymekaar te kan wees in 'n tyd van swaarkry of hartseer nie, is moeilik vir almal - die wat troos wil ontvang en die wat troos wil gee.

Toringkerk lewer omgee-boksies af, in tye soos hierdie, as 'n klein gebaar van daarwees.

*Indien jy weet van iemand wat so 'n boksie benodig of indien jy graag sou wil deel word van hierdie bediening, kontak gerus vir Jana.*



# WÊRELD motorvrye DAG



## Wat is Wêreld Motorvrye Dag?

Wêreld Motorvrye Dag, wat op 22 September gevier word, moedig motoriste aan om 'n hele dag lank nie hul motors te gebruik nie.

Elke jaar op of rondom 22 September vier stede regoor die wêreld, Wêreld Motorvrye Dag en moedig motoriste aan om hul motors vir 'n hele dag prys te gee. Die geleentheid beklemtoon die talle voordele wat gespaar word om minder motor te bestuur - insluitend verminderde lugbesoedeling en die aanmoediging van stap en fietsry in 'n veiliger omgewing.

## Hoekom is dit belangrik?

Wêreld Motorvrye Dag is 'n goeie geleentheid vir stede om te besef hoe besoedeling ons lewens beïnvloed. Voertuie is een van die grootste oorsake van lugbesoedeling, veral in stede. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie het lugbesoedeling alleen in 2016 ongeveer 4,2 miljoen sterftes veroorsaak. Vervoer is ook die vinnigste groeiende bron van CO<sub>2</sub>-uitstoot van fossiel-brandstowwe en ook die grootste bydraer tot klimaatsverandering.

Die "Share the Road Program" van die VN ondersteun regerings en ander belanghebbendes in ontwikkelende lande om te belê in infrastruktuur vir voetgangers en fietse. Beleggers en regerings gee egter steeds die hoogste prioriteit aan padruimtes vir motors.



# Wat kan ek doen?

## 1 Laat jou kar 'n bietjie rus!

Beplan bietjie en kyk of jy dit kan regkry om jou motor nie een keer op 22 September aan te skakel nie. Stap, ry fiets, gebruik openbare vervoer of ry saam met iemand wat in dieselfde rigting as jy reis. Gebruik hierdie as 'n uitdaging om jou motor minder te gebruik vir onnodige dinge, veral as daar alternatiewe moontlikhede is, soos om te loop!




## 2 Saamry is hier om te bly!

As gevolg van ons besige skedules, is dit gewoonlik makliker om self oral te ry. Met 'n bietjie beplanning kan jy geselskap by jou hê in die kar en terselfdertyd die omgewing skoner hou. Jy kan byvoorbeeld moeite doen om die saamry-skool-toe-motor-reëlings weer aan die gang te kry of om te hoor of jy jou vriende kan oplaai voor 'n geleentheid of andersom.

## 3 Ry slimmer

Volg hierdie wenke vir die vermindering van jou motorbesoedeling, asook om veiliger te ry en terselfdertyd geld te bespaar op brandstofkoste:

- Ry doeltreffend: wees rustiger op die gaspedaal en remme
- Onderhou jou motor: gaan vir jou jaarlikse motordiens en volg die onderhoudskedule van die vervaardiger
- Onnodige "idle" van motors, vragmotors en skoolbusse besoedel die lug, vermors brandstof en veroorsaak oormatige motorslytasie



## 4. Gesels 'n bietjie daaroor!

Gesels 'n bietjie oor die volgende vrae wanneer jou vriende of familie weer kom kuier (jy is ook welkom om hierdie gespreksvrae as ysbrekers vir 'n "first date" te gebruik):

- Is dit belangrik om so 'n dag soos Wêreld Motorvrye Dag te vier?
- Sal dit die omgewing enigszins help om jou motor vir een dag nie te gebruik nie?
- Hoe kan so 'n dag jou laat nadink oor jou eie daaglikse gewoontes?
- Hoe kan die regering op 'n breër vlak die probleem van motorbesoedeling in ons stad en land aanpak?
- Wat kan ek in my eie lewe doen om minder by te dra tot hierdie besoedeling?





## GEBEDSVERSOEKE

- Ons bid vir die **Ayanke en die Stander-familie** wat nou besig is met haar laaste 2 maande van behandeling! Ons is so trots!
- Ons bid vir **Renier Bester se ma, Rina Bester**, se gesondheid en herstel.
- Ons bid vir **Gretchen Klue** vir herstel van haar rug. Ons dink aan jou.
- Ons bid vir die **tieners en jongmense**. Ons is bewus van die uitdagings wat hierdie lewensfase bied, en nog meer so in Covid-tyd. Ons is hier vir julle.
- Ons bid vir **almal** wat deur **uitdagings en krisis** gaan. Julle is nie alleen nie.
- Ons bid vir al die **matrieks** wat tans besig is met rekordeksamens! Ook vir **onderwyspersoneel** en **ouers**. Mag die Here vir julle insig, wysheid en geduld gee.
- Ons bid vir ons Diep & Vêr familie vir gesondheid, veiligheid en vrede in hierdie tyd.

***Kontak asb vir een van die leraars as ons vir jou kan bid.***

## WASLAPPIES

Vir die maand van September samel ons 46 waslappies (vir badkamer gebruik) in. Hierdie items gaan deel vorm van die Kersfees-kospakkie vir ons Diep & Vêr familie.

### **Ons benodig nog die volgende:**

Waslappies: 13


Tandepasta: 11

Skottelgoedopwasmiddel: 25

Skottelgoed-sponsies: 24

Jy is welkom om dit by die kerkkantoor af te laai.

***Andersins kan jy vir Hannelie of Janneke kontak vir 'n ander reëling.***



# GEMEENTERAAD - NOMINASIES

Daar is tans plek vir **een nuwe gemeenteraadslid**. Ons wil jou aanmoedig om jousef of iemand anders in die gemeente te nomineer wat graag hul gawes op hierdie manier met die gemeente wil deel. Jy is welkom om die nominasievorm in te vul en vir Annelie te stuur. Kom bid saam, sien raak en deel jousef, jou tyd en jou gawes.

*Kontak gerus vir Annelie ([info@toringkerk.co.za](mailto:info@toringkerk.co.za)) vir meer inligting.*



## GEMEENTERAAD - NOMINASIESVORM

Hiermee nomineer ek, ondergetekende, die volgende persoon vir die Gemeenteraad:

Genomineerde: \_\_\_\_\_ Handtekening: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_ Tel: \_\_\_\_\_ Sel: \_\_\_\_\_

Diensterrein\* waar genomineerde betrokke wil wees: Administrasie / Gemeente / Gemeenskap

Spesifieke voorkeur: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

Nomineerder: \_\_\_\_\_ Handtekening: \_\_\_\_\_

\* Die diensterreine word só saamgestel:

Administrasie: Finansies, Diensverhoudinge, Kerkmeesters, Kantoor, Media, MARKietie

Gemeentebediening: Erediens, Gasvryheid, Jeug, Omgee, Kleingroepe, Projekte

Gemeenskapsbediening: Haweloses, Sending, Uitreik, Geloofsgelofte-offers, Skakeling



# GESONDE GEDAGTES

## MAAK VREDE MET...WIE JY IS - I.L. DE VILLIERS

*Repos ailleurs- die rus is elders:* die stedeling sug na die vrede van die vrye natuur en wil iewers op die stoep van 'n plaashuis sit en koffie drink; die plaasdogter sit op die einste stoep en tuur verlangend oor die rante in die rigting van die groot stad, daar waar sy saans die gloed van liggies kan sien uitslaan.

Ons almal ly maar soms in 'n mindere of meerdere mate aan hierdie siekte – 'n verlange na ontvlugting, na die vrolike lewe anderkant die einders, of na die rus vêr agter die verste blou berge. Selfs Dawid het by geleentheid uitgeroep: “ag, had ek maar vlerke soos 'n duif, dan sou ek wegvlieg en wegbly! Kyk, ek sou vêr wegvlug; ek sou vernag in die woestyn!” Ps 55 : 7 en 8  
Daar is eindelose “as ek maar `s...” Veral die “as ek maar was soos...” Natuurlik is dit onmoontlik, gans onmoontlik want jou persoonlikheid is jy, jy alleen. Jy kan nie verbeter deur 'n ander persoon te word nie - dan is jy nie meer jy nie maar daardie persoon.

“You were born an original. Don` t die a copy” – John Mason

Wat eensaamheid en / of gebondenheid betref, is daar 'n breë spektrum van moontlike oplossings in hierdie modern lewe van ons. Begin maar by u kerk se arbeid. U sal uitvind dat die kerk grootliks gedra word deur die arbeid van gelowige vroue. As u daarin belangstel , bied uself aan vir 'n bietjie sosiale diens – hospitaalbesoeke, kinderversorging, bejaardesorg.

Hier is net 'n woortjie van waarskuwing: Moet tog asseblief nie iemand anders naboots nie! Moet nie by 'n dramaklub aansluit net omdat 'n vriend daarby aangesluit het nie. Maak vrede met wie en wat jy is. Jy is die Here se skepsel en Hy het, met alle respek, nog nooit uitskotmense gemaak nie. Maak vrede met jouself. LW: Moenie selftevrede wees nie. Aanvaar jou vermoëns en ontwikkel dit ten volle . Gebruik jou geleentheid. Namate 'n mens geleentheid gebruik, skep dit op hulle beurt weer verdere geleentheid wat benut kan word. So word die vyf talente uiteindelik tien. Maak vrede met jouself, maak vrede met jou vermoëns, en gebruik jou geleentheid. God help jou. “ You only live once, but if you do it right, once is enough” – May West

# BAIE GELUK

met jou verjaarsdag!

19/09 Petrus Botes

19/09 Bridie-Allen Kotze

19/09 Anuscha Schenke

19/09 Adolf Von Moltke

19/09 Stephné Vorster

20/09 Dennis Basson

20/09 Carina Botha

20/09 Geanné Gelderblom

20/09 Zelmari Van der Merwe

20/09 Heinrich van Wyk

21/09 Samuel Cilliers

21/09 Christa du Toit

21/09 Lirietha Dyason

21/09 Adél Hanekom

21/09 Liana Lourens

22/09 Godfried Janse van Vuuren

22/09 Arrie Nieuwendyk

22/09 Magdaleen Walters

23/09 Sussie Brand

23/09 Ruben Du Plessis

23/09 Dina Viljoen

24/09 Elizma Immelman

25/09 ELSABÉ Bester

25/09 Louisa de Villiers

25/09 Johan Smit

25/09 Christiaan Stander

25/09 Johan Steenkamp



19 SEPTEMBER 2021

# TORINGKERK

## nuus



TORINGKERK ZAPPER



## BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE  
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK  
ABSA  
TAKKODE: 632 005  
REK NR: 400 590 176

## MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

### JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER/GEMEENTERAADSVOORSITTER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.